

15

Ek leef soos Jesus Christus my leer

ONS DOELWIT

Die jongmense moet ervaar hoe dit is om soos kinders van die Here te lewe, soos Jesus hulle leer.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die jongmense moet weet –

- dat die Bybel vir hulle Jesus se waardestelsel leer;
- dat ongelowiges hul waardestelsel moontlik kan teenstaan; en
- dat hulle die Bybelse waardestelsel hul eie moet maak en dit moet uitleef.

Gesindheid

Die jongmense moet bereid wees om die waardestelsel van Jesus Christus –

- uit te leef;
- te regverdig; en
- aan ander mense oor te dra.

Vaardigheid

Die jongmense moet –

- in staat wees om in gehoorsaamheid aan God in die wêreld te gaan leef;
- begelei word om ander se waardestelsels te evalueer en te kies tussen reg en verkeerd; en
- begelei word om oor die waardestelsel van Jesus Christus te kan praat.

EK BREI MY EIE KENNIS UIT

Lees hierdie gedeelte vooraf deeglik deur en gebruik die onderstaande om hulle met die inhoud vertrouwd te maak.

Jesus het die Joodse godsdienstiges geleer dat geloof in God baie meer is as om net oor die reëls en wette van godsdiens te praat. Hy het nie weggedoen met reëls nie, maar hulle gewys dat reëls net een ding voor oë moet hê: Dit moet liefde bewerkstellig. Reëls en wette,

met ander woorde, gehoorsaamheid aan God, moet mense se harte aanspreek en nie net dooie godsdienstige reëlings wees wat jy moet nakom om gered te word nie. Reëls moet 'n liefdesverhouding tot stand bring: liefde vir God en liefde vir jou medemens.

Hoe kom hierdie liefdesverhouding tot stand? Jesus het ons kom leer dat om in 'n liefdesverhouding met God te kan leef, moet jy aan Jesus vasgenaël wees. In Johannes 15: 5 staan: *Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.* Om te doen wat Jesus ons geleer het, of anders gestel, om in Jesus se voetspore te volg, of om te *maak* soos Jesus sou *gemaak* het, is dit baie belangrik om te weet waarin Jesus vir ons die voorbeeld gestel het.

Die volgende dinge is belangrike hoogtepunte van alles wat ons by Jesus leer:

Jesus het 'n persoonlike verhouding met die Vader

- Jesus wys sy nabye verhouding met die Vader deur voortdurend God se hulp te vra in gebed. Elke aspek van sy bediening het gepaard gegaan met gebed. Selfs as Jesus oorval word deur mense wat hulp nodig het, maak Hy tyd om Homself af te sonder in gebed en die teenwoordigheid van die Vader op te soek.
- Toe Jesus 12 jaar oud was, het Hy ook duidelik gewys dat sy verhouding met God anders is as waaraan mense tot toe nog gewoond was. Hy verwys na God as sy Vader, wat vir sy ouers moeilik was om te verstaan (Lukas 2: 41-49).
- Sekere van die sewe kruiswoorde is ook 'n getuienis van Jesus se verhouding met die Vader.
 - *Toe sê Jesus: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!"* (Lukas 23: 34)
 - *Jesus antwoord hom: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."* (Lukas 23: 43)
 - *Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar: "Daar is u seun." Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder."* (Johannes 19: 26-27)
 - *Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: "Eli, Eli, lemá sabagtani?" Dit is: My God, my God, waarom het U my verlaat?* (Matteus 27: 46)
 - *Hierna het Jesus ... gesê: "Ek is dors."* (Johannes 19: 28)
 - *Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: "Dit is volbring!"* (Johannes 19: 30)
 - *Jesus het hard uitgeroep: "Vader, in u hande gee Ek my gees oor."* (Lukas 23: 46)

Jesus ontferm Hom oor die uitgeworpenes

Jesus demonstreer God se liefde met sy ontferming oor die uitgeworpenes soos die melaatses en gebreklikes en die sondaars soos tollenaars. Selfs wanneer Hy groot teenstand van godsdienstige leiers ervaar, doen Hy dit steeds. Hy gee aandag aan die Kanaänitiese vrou se versoek om haar dogter te help; Hy roep Levi, die tollenaar, as dissipel; Hy eet saam met die tollenaars en ander sondaars. Hy raak aan die melaatse en genees hom.

Jesus herstel gebroke lewens

Jesus sien om na die fisiese nood van mense met die talle wonderwerke wat Hy doen. Hy dryf bese geeste uit, maak gebroke liggame gesond, wek mense op uit die dood, vergewe sondes. Hy kry mense innig jammer in hul nood.

Jesus konfronteer skynheiligheid

Jesus wys duidelik aan die godsdienstige leiers dat hul navolging en godsdienstige rituele

'n hartelose aanbidding is, teenoor die liefdevolle verhouding wat God eintlik vereis. Hy konfronteer die godsdienstige leiers openlik oor hul skynheiligheid en ontmasker hulle oor hul oneerlike aanbidding. Hy sê byvoorbeeld dat hulle soos witgepleisterde grafte is. Hulle is mooi van buite, maar binne vol doodsbeendere. In die bergprediking leer Hy dat navolging baie meer vra as net mensgemaakte wette en reëls.

Jesus onderrig in God se woord

Jesus het van elke geleentheid gebruik gemaak om God se woord bekend te maak. Hy leer die mense nie net met gelykenisse oor God se koninkryk nie, maar verwys voortdurend na wat in die geskrewe woord en die geskryfte staan, en wat die profete gesê het. Hy leef en praat die boodskap van God se liefde en genade. Met talle gelykenisse gebruik hy verhaaltjies uit die alledaagse lewe om die mense te leer oor hoe dit eintlik in die koninkryk van God is.

Jesus as dienaar

Jesus dien mense deur hul behoeftes bokant sy eie te stel. Hy maak gesond, gee brood en gee uiteindelik sy lewe prys ter wille van sondaars. Hy maak tyd om in diens van mense te staan. Jesus was sy dissipels se voete. Hy wys dat Hy besorg is oor sy dissipels deur vir hulle te bid.

Jesus bemagtig mense

Hy rus die dissipels toe om sy boodskap verder te dra. Hy roep hulle, leer hulle en gee hulle besondere insigte, en seën hulle uiteindelik met die opdrag om die boodskap verder te dra. Hy stel ons ook gerus dat Hy elkeen met die Heilige Gees in staat stel om 'n verskil in die wêreld te maak.

EK SPRING SELF AAN DIE WERK

Ek het nodig

- 'n Bybel.
- 'n Bybelkonkordansie of 'n rekenaar met 'n Bybelprogram.
- As jy nog nie die Bybel op jou selfoon het nie, kan jy dit aflaai by www.youversion.com.
- Jy kan die Bybel aanlyn lees by www.bybelgenootskap.co.za.
- Jy kan die Bybel as e-boek aflaai in Kindle of epub-formaat by *Raak betrokke – Bybelwinkel – e-Bybels*.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

IN DIE GROEPBYEENKOMS

WAT KAN HULLE VAN VERLEDE WEEK ONTHOU EN WAT HET HULLE GEDOEN?

- Kontroleer of hulle by www.nhka.org na meer inligting oor die tema gesoek het.
- Neem 'n paar boeke in en lees wat in hul boeke staan by die vorige aanbieding se RADIKALE DISSIPELSKAP oor die erediens, sonder om te sê uit wie se boek jy lees.
- Onthou om hierdie antwoorde met die predikant te deel.
- Kontroleer of hulle met God gesels het oor hul verhouding met Hom. Nooi hulle uit om terugvoer te gee of raad te kom vra as hulle probleme het in hierdie verband.

- Kontroleer of hulle met hul ouers, vriende of vriendinne gaan gesels het oor hul verhoudings. Nooi hulle uit om terugvoer te gee of raad te kom vra as hulle probleme het in hierdie verband.
- Kontroleer of hulle die vrugte van die Gees uit hul koppe ken en gereeld dink aan watter geluk dit vir 'n mens bring:
 - *Liefde;*
 - *vreugde;*
 - *vrede;*
 - *geduld;*
 - *vriendelikheid;*
 - *goedhartigheid;*
 - *getrouheid;*
 - *nederigheid; en*
 - *selfbeheersing.*

VANDAG GAAN ONS DIE VOLGENDE ONS EIE MAAK

BEGIN SO

Vra in die groot groep die volgende vrae – moenie aandui wat reg of verkeerd is nie:

- Het mense regtig reëls en wette nodig waarvolgens almal moet lewe, en hoekom sê jy so? (*Onthou die antwoorde wat hulle gee.*)
- Hou informele debat oor hul antwoorde en lei hulle uiteindelik tot die besef dat –
 - *reëls en wette nodig is, want as almal kan maak net soos hulle wil, sal haat en moord en onordelikheid soveel chaos bring dat almal ongelukkig sal wees.*
 - *Jesus met al die reëls wat Hy gee, net een doel voor oë het. en dit is dat almal gelukkig moet wees.*
 - *dit belangrik is om te weet –*
 - wat Jesus ons geleer het;
 - watter voorbeeld Hy gestel het;
 - hoe mense en dinge jou kan verhinder om Jesus se reëls uit te leef; en
 - wat hulle kan doen om hul verhouding met God elke dag te verdiep.

WAAROP VAL DIE KLEM VANDAG?

Lees EK BREI MY EIE KENNIS UIT hierbo vooraf deeglik deur en gebruik die volgende om hulle met die inhoud vertrouwd te maak:

- Jesus het die Joodse godsdienstiges geleer dat reëls 'n liefdesverhouding tot stand moet bring: liefde vir God en liefde vir jou medemens.
- Hoe kom hierdie liefdesverhouding tot stand? Om in 'n liefdesverhouding met God te kan leef, moet jy aan Jesus vasgenaël wees. In Johannes 15: 5 staan: *Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.*
- Om aan Jesus vasgenaël te wees, of anders gestel, om in Jesus se voetspore te volg, of om te maak soos Jesus sou gemaak het, het Jesus vir ons die voorbeeld gestel.

Die volgende dinge is belangrike hoogtepunte van alles wat ons by Jesus leer:

Jesus het in 'n persoonlike verhouding met die Vader geleef

- Hy het God se hulp voortdurend gevra in gebed.
- Hy het God as sy Vader beskou en Hom so aangespreek.
- Sekere van die sewe kruiswoorde sê dit:
 - *Toe sê Jesus: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!"* (Lukas 23: 34)
 - *Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: "Eli, Eli, lemá sabagtani?" Dit is: My God, my God, waarom het U my verlaat?* (Matteus 27: 46)
 - *Jesus het hard uitgeroep: "Vader, in u hande gee Ek my gees oor."* (Lukas 23: 46)

Jesus raak betrokke in die lewe van uitgeworpenes soos melaatses, gebreklikes en sondaars, en Hy help hulle.

Jesus herstel gebroke lewens deur bese geeste uit te dryf, siekes gesond te maak, mense op te wek uit die dood, en sondes te vergewe.

Jesus konfronteer skynheiligheid as Hy die godsdienstige leiers wys dat hul godsdienstige rituele harteloos, skynheilig en oneerlik is, teenoor die liefdevolle verhouding wat God eintlik vereis.

Jesus onderrig mense in God se woord nie net deur gelykenisse te vertel nie, maar Hy leef en praat die boodskap van God se liefde en genade.

Jesus lewer diens deur die behoeftes van ander bo sy eie te stel, sy dissipels se voete te was, vir hulle te bid en uiteindelik sy lewe prys te gee ter wille van sondaars.

Jesus bemagtig mense

Hy rus die dissipels toe om sy boodskap verder te dra. Hy roep hulle, leer hulle en gee hulle besondere insigte, en seën hulle uiteindelik met die opdrag om die boodskap verder te dra. Hy stel ons ook gerus dat Hy elkeen met die Heilige Gees in staat stel om 'n verskil in die wêreld te maak.

ONS BESPREEK EN SKERP IN WAT ONS VANDAG GELEER HET

Laat hulle die vraestel aan die einde van hierdie aanbieding in hul boeke doen.

IETS OM IN DIE KLAS TE DOEN

- Deel op in groepe.
- Laat hulle hul Bybels oopmaak en as groep gesamentlik die antwoorde soek op die volgende vraag, en dit in *hul eie woorde*, dit is belangrik, in hul boeke neerskryf:

As julle na die volgende tekse kyk, wat dink julle behoort die eienskappe van 'n kind van die Here se lewe te wees?

- **Matteus 5: 16**
Ons moet lig bring in mense se lewens deur goeie dinge aan hulle te doen en diens te lewer: Help armes, bejaardes, siekes, treurendes, ensovoorts.
- **Matteus 5: 22 en 23**
Ons moenie onnodig kwaad word en lelik wees nie, maar as jy kwaad word, moet jy dit gaan uitpraat.

- **Matteus 6: 19 en 20**
Ons moenie in die eerste plek wêreldse goed najaag nie (natuurlik moet ons noodsaaklike lewensmiddels bymekaar maak), maar heel eerste 'n goeie liefdesverhouding met God najaag.
- **Matteus 7: 1**
Ons moenie oordeel nie, want soos ons oordeel, sal ook oor ons geoordeel word. Ons moet altyd eers gaan kyk wat die agtergrond is vir iemand se optrede.
- **Matteus 7: 21**
Ons mag nie net van en oor die Here praat nie; ons moet ook doen wat die Here van ons verwag.
- Kom weer byeen in die groot groep en bespreek hul antwoorde – daar is nie noodwendig 'n reg of verkeerd nie.
- Lei hulle na antwoorde soos hierbo.

HIERDIE WEEK IN HUL WÊRELD

RADIKALE DISSIPELSKAP

- Laat hulle by www.nhka.org gaan kyk vir ander interessante inligting.
- Laat hulle met die volgende erediens gaan neerskryf wat daarvan hul lewens aangeraak het.
- Moedig hulle aan om self die Bybel elektronies op hul fone af te laai of iemand te vra om te help.
- Laat hulle in hul Bybels gaan soek na minstens vyf mense wat naby aan God geleef het en skryf wat hulle gedoen het. (*Noag, Abraham, Moses, Josua, die rigters, Samuel, Dawid, die profete, die dissipels, Paulus en nog ander.*)
- Laat hulle op die internet gaan *google* by Rata, TOIBO, CMR en ander, en kortliks skryf wat hierdie organisasies doen om vir ons die geleentheid te gee om ons geloof uit te leef. (*Hierdie is barmhartigheidsorganisasies wat deur die kerk, die staat en vrywilligers in die lewe geroep is. Hulle is betrokke by gestremde en behoeftige mense op alle vlakke van die samelewing.*)

HULLE KRY HULSELF PARAAT

- Laat hulle Psalm 119: 9 uit die kop gaan leer: *Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u woord!*
- Laat hulle iets skryf oor wat dit beteken om jou te hou aan die Here se woord.

BELANGRIK

- Die jongmense moet seker maak dat hulle met elke aanbieding hul Bybels saambring.
- Kyk vandag reeds wat jy vir die volgende aanbieding nodig het en wat jy moet voorberei.

AFSLUITING

Sluit af deur Kolossense 3: 5-17 te lees, en vra die Here om die vrugte van die Gees in almal se optredes te laat groei.

VRAESTEL

Waar of vals? Motiveer.

1. Om in Jesus se voetspore te volg, beteken om oral in Israel te gaan trap waar Jesus getrap het. **Vals** (*Dit beteken om die reëls uit te leef wat Jesus ons geleer het.*)
2. Om gehoorsaam aan God te lewe, moet ek in 'n persoonlike verhouding met Hom lewe en gereeld met Hom kommunikeer. **Waar** (*As ek God nie persoonlik ken en gereeld met Hom gesels en na Hom luister nie, gaan ek nie weet waaraan ek gehoorsaam moet wees en wat my gelukkig gaan maak nie.*)
3. As ek eenmaal in God glo, hoef ek my nie verder aan Hom en sy kerk te steur of iets vir ander mense te doen nie – Jesus het mos vir eens en vir altyd klaar vir my sonde betaal. **Vals** (*As jy in God glo, glo jy in Jesus, en as jy in Jesus glo, moet jy ook glo dat Hy gehoorsaamheid verwag. Gehoorsaamheid hou in dat jy gereeld in eredienste sal hoor waarom jy gehoorsaam moet wees, waaraan jy gehoorsaam moet wees en wat van jou verwag word.*)
4. Onderstreep die stellings wat waar is:
 - Kinders van die Here help nie siek mense nie, want hulle kan dalk aansteek.
 - As iemand jou kwaad aandoen, moet jy hom of haar vergewe.
 - As iemand jou vloek, moet jy terugvloek anders is jy 'n sissie.
 - Ek moet met wat ek sê en doen net altyd sorg dat iemand my nie uitvang dat ek skelm is nie.
 - Kinders van die Here se oë moet altyd oop en hul hande gewillig wees om diens te lewer.
5. Onderstreep die regte woorde:

Ek moet die vrugte van die Heilige Gees in my laat groei. Dit is: liefde, luiheid, skinder, vreugde, haat, onbeskoftheid, vrede, eie belang soek, geduld, leuens, vriendelikheid, kwaadpraat, nederigheid, getrouheid, kortgebondenheid, goedhartigheid, nukkerigheid, selfbeheersing, dikmond loop.